



INcontext

INTERNATIONAL



Lukas 12:56 Geveinsdes, die voorkoms van die aarde en die lug weet julle te beoordeel, maar hoe is dit dat julle hierdie tyd nie kan beoordeel nie?



Mike Burnard het 36 jaar se ondervinding in sending met 'n diepe begeerte om die ervarings, blootstelling en kennis wat die Here in sy lewe toegelaat het te gebruik om strategies na wêreld tendense, sleutel lande en nuwe moontlikhede binne 'n sending konteks te kyk.

Na 25 jaar diens aan die vervolgte Kerk in die Midde ooste, Asië, Afrika en die Sub-kontinent het Mike homself die laaste 8 jaar toegewy aan 'n nuwe inisiatief wat spesifieke tendense en wêreld gebeure binne 'n sending konteks aanspreek. Die fokus van die bediening is om Christene en gemeentes in te lig en toe te rus om strategies na sending betrokkenheid te kyk en om te verstaan hoe wêreldgebeure sending beïnvloed. Die navorsing behels vele besoeke aan verskeie sleutel lande in die Arabiese wêreld, Asië en Afrika en talle onderhoude met plaaslike Kerkleiers en sendelinge. Die informasie en perspektiewe wat deur die bediening gedeel word is nie Westerse interpretasies van wêreld gebeure nie maar perspektiewe wat wel binne 'n plaaslike konteks gedeel word. Die bediening is kontemporêr en kyk na daaglikse gebeure en tendense soos:

- *Hoe affekteer die huidige oorlog in Sirië sending in Moslem wêreld?*
- *Waar pas ISIS in die prentjie wat nuwe geleenthede binne 'n sending konteks betref?*
- *Hoe bring die miljoene vlugteling wêreldwyd 'n skuif in geloof mee en wat beteken dit vir Europa?*
- *Wat is China se rol binne die onbereikte wêreld?*
- *Hoe sal 'n nuwe president in Amerika die persepsies van Christene beïnvloed, veral met betrekking tot Christene in die Midde Ooste*
- *Hoe beïnvloed die nuwe generasie en die tegnologiese ontploffing sending?*
- *Het ons die strategiese "poorte" na die Arabiese wêreld en Golf areas identifiseer?*

Binne sending is dit krities dat hierdie vrae dringend en deeglik aangespreek moet word. Die Kerk moet sinvol en strategies aanpas by 'n veranderde wêreld. Is ons gereed en identifiseer ons die krisis voor ons (*Lukas 12:56*)? Is ons begrip en interpretasies van wêreldgebeure in konteks met wat God doen en waar hy beweeg?

Selffon: 0828657380

Epos: mike@incontextministries.org
www.incontextinternational.org